




# Die Maand Wat Was


## Oktober 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbrieff

### Bateklasprestasie (per jaar) tot einde September 2013

#### Langtermyn pj van 1900 tot einde 2011



Bron: Credit Suisse





Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

### Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes

#### 12 maande gelede



Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en 'n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

## September 2013 - Die Maand Wat Was

### Diversifisering van bateklasse vir beskerming teen risiko

Die JSE het vanaf Januarie 2012 met 38.7% toegeneem, hierdie is 'n verbysterende opbrengs in die lig van die slegte toestand van die wêreldwye en Suid-Afrikaanse ekonomieë. Dit is deel van die mens se natuur dat beleggers wonder hoe lank hierdie tendens sal voortgaan. Sommige fondsbestuurders en beleggers verwag 'n wysiging terug na markewewig omdat hulle voel dat daar 'n breuk is in die verbinding tussen aandelemarkte en ekonomiese realiteit.

Wat werklik fassinerend is, is dat meeste van die uitstekende opbrengste op die JSE gegenerer is deur drie aandele: **SABMiller, Richemont en Naspers**. Indien jy al die ander aandele in die mark besit het, maar nie hierdie drie aandele nie, was jou opbrengs sedert Januarie 2012 slegs 13,7%. Hierdie opbrengs lyk meer realisties in die lig van die huidige ekonomiese omstandighede.

### Wat beteken dit vir jou as belegger?

Ons dink dit ondersteun die argument dat ons aandelemark nie baie duur is om in te belê indien jy na al die maatskappye in die mark as 'n geheel kyk nie. Daar is wel 'n paar maatskappye wat verskriklik duur is en hulle veroorsaak dat daar 'n skewe persepsie rakende die mark is. Hierdie is een van die redes waarom ons nie Suid-Afrikaanse aandele as 'n belegging vermy nie: baie aandele verhandel teen billike waarde en bied steeds goeie waarde vir geld.

### Wat kan ons as beleggers doen om hierdie moeilike omstandighede te oorkom?

Ons is van die opinie dat jy 'n nuwe belegging geleidelik, oor 'n langer periode(12 maande), in die aandelemark moet infaseer, om die impak van die volatiliteit van die aandelemark op jou portefeulje te beperk. Daarbenewens moet jy 'n behoorlik gediversifiseerde beleggingsportefeulje hê. Dit beteken 'n kombinasie van aandele, kommersiële / genoteerde eiendom, effekte en kontant. Binne hierdie bateklasse, moet jy 'n wye verskeidenheid van onderliggende bates hê. Dit wil sê, indien jy in aandele belê, moet jy verseker dat jy 'n verskeidenheid aandele oor 'n verskeidenheid sektore besit.

### Beleggingsaanbeveling!

Ek maak nie graag beleggingsaanbevelings op grond van voorspellings nie, maar in hierdie geval meen ek egter dat dit onregverdig sou wees om nie *hierdie* aanbeveling te deel nie. Soos lesers nou reeds weet, glo ek nie daarin dat die vermoë om korrek te voorspel, genoeg gronde is om 'n beleggingstrategie op te bou nie. ***Hierdie is egter 'n geleentheid waar ek bereid is om 'n aanbeveling te maak op sterke van 'n vooruitskating!***

Die prys van kakaoboter het die afgelope 6 maande amper verdubbel van sowat \$4,000 per ton na 'n vlak van \$7,000 per ton. Kakaoboter word in hoë kwaliteit sjokolade gebruik om dit daardie romerige en sagte smaak te gee. As ek hierdie styging in die prys van kakaoboter omskakel na rand toe, is dit 'n styging van ongeveer R38,000 per ton kakaoboter tot R70,000 per ton kakaoboter. Omdat meeste van ons sjokolade in rande koop, gaan hierdie 85% styging in die prys ons in die aanloop na Kersfees swaar tref.

My advies is dat, indien jy graag romerige, sagte en hoë kwaliteit sjokolade geniet – jy moet spring en voor hierdie prysstygings jou vang, seker maak dat jou voorraadvlakke jou deur die Kersseisoen gaan hou. Nie net gaan jy geld spaar nie (finansiële voordeel), maar jy gaan jou sjokolade geniet met die wete dat die mense om jou met jaloesie jou uitspattigheid gaan beny (emosionele voordeel). Hiermee saam die toets of jou wilskrag sterk genoeg gaan wees dat jou berg aangekoopte sjokolade darem Desember gaan sien – **die dissipline om nie te swig voor kitsgenot nie, maar eerder te fokus op jou langer termyn doelwitte.**

### **30 minute - maar die moeite werd!**

Mense praat baie oor skuld en waar skuld in die groter prentjie inpas. Ray Dalio is van een van 100 rykste ouens in die wêreld (88 ste volgens Forbes) en tel onder die 100 mees invloedryke ouens in die wêreld (volgens Bloomberg) – word ook genoem die “*Steve Jobs of Investments*”. In hierdie 30 minute voorstelling verduidelik hy hoe die ekonomie werk en wat die drywers agter ekonomiese groei is:

<http://www.businessinsider.com/ray-dalio-economic-presentation-2013-9>

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus ‘n e-pos aan: [Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za) of volg Theo op Twitter [@sakegesprek](https://twitter.com/sakegesprek).

***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur ‘n e-pos aan: [nuusbrief@sakegesprek.co.za](mailto:nuusbrief@sakegesprek.co.za).***

Mooi loop!

Theo Vorster

[Theo@sakegesprek.co.za](mailto:Theo@sakegesprek.co.za)

**Volg ons op  
TWITTER**



**Volg ons op twitter @sakegesprek vir program  
opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus**

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om ‘n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.

Theo is ‘n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, ‘n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur ([www.galileocapital.co.za](http://www.galileocapital.co.za)). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: [Theo@galileocapital.co.za](mailto:Theo@galileocapital.co.za).